# Charlie





1. Hoekom mis Charlie se hart 'n slag?

____________________________________________

____________________________________________

2. Kies die **korrekte** antwoord. Skryf die **korrekte letter** in die kous.
Hoe dink jy voel iemand wie se hart 'n slag mis?
A Gelukkig.
B Opgewonde.
C Skuldig.
D Treurig.



3. 3.1 Ken Charlie die seun wat voor haar staan?

____________________________________________

3.2 Motiveer jou antwoord in 3.1 deur **'n gedeelte van 'n sin** aan te haal.

____________________________________________

4. Gee 'n kort beskrywing van die seun wat voor Charlie staan. Gee **drie** feite.

____________________________________________

____________________________________________


5. Wat het Charlie gedoen wat die seun gesien het?

____________________________________________

6. In watter ruimte bevind Charlie en die seun hulle?

____________________________________________

7. Kies die **korrekte** antwoord. Skryf die **korrekte letter** in die kous.
Die vlooimark **is 'n miernes** beteken daar is …
A baie miere.
B 'n nes vol miere.
C insekte.
D baie mense.



8. 8.1 Het Charlie al vir 'n lang tyd 'n stalletjie by die vlooimark?

____________________________________________

8.2 Motiveer jou antwoord in 8.1 deur **'n sin** aan te haal.

____________________________________________

9. Voltooi die sin deur **een woord** neer te skryf:
Charlie verkoop ______________________________ in haar stalletjie.

# Ethan

1. Lees die stellings in kolom A. Maak 'n **√** as die stelling **waar** is of trek 'n **x** as die stelling **onwaar** is. Skryf 'n woord(e) in kolom C neer wat die onwaar stellings waar sal maak. Kyk na die eerste sin as voorbeeld.

| Kolom A - Stelling | Kolom B – Waar (√) Onwaar (x) | Kolom C – Korrekte woord(e) |
|---|---|---|
| 1. Ethan het in graad **vyf** sy pa se versameling boeke ontdek en gelees. | x | vier |
| 2. Die stories in die boeke was modern. | | |
| 3. Ethan wou ook so 'n opwindende lewe hê. | | |
| 4. Hy wou eendag baie avonture ondervind. | | |
| 5. Hy wou 'n geheime agent soos Jason Bourne wees. | | |
| 6. Sy beste vriend is James. | | |
| 7. Hy lees nie meer baie vandat hy sokker speel nie. | | |
| 8. Hy wens hy kon speurwerk oor Charlie doen. | | |
| 9. Hy help sy pa om die spekbome af te laai. | | |
| 10. Hy en sy pa gaan nou dadelik 'n paar balle rondslaan. | | |
| 11. Hy soek inligting oor Charlie op Facebook en Twitter. | | |
| 12. Daar is 'n meneer Charlie Prins wat nege kinders gehad het. | | |
| 13. Hy kry iewers inligting oor Charlie Prins met rooi hare. | | |
| 14. Charlie voel soos 'n geheim wat uitgelos moet word. | | |
| 15. Charlie is 'n avontuur wat wag. | | |




# Charlie

**Voltooi die paragraaf met woorde wat pas:**

Charlie se maag ________________ en sy kan nie __________________ dat Ethan so laag kan daal nie. Sy weet hy verwys na die ___________________ wat sy _________________ by die vlooimark __________________ het. Sy wonder of hy ___________________ was en of hy regtig sal doen wat hy gesê het en vir iemand daarvan sal ________________. Sy sê vir haarself om ________________ te bly.

# Ethan

1. **Drie antwoorde is korrek**. Skryf die letter van **die antwoord** in die kous **wat nie pas nie**.
   Ethan kan sien hoe Charlie **op haar tande kners**, beteken hy kan sien dat sy … is.
   A kwaad
   B woedend
   C vies
   D hartseer



2. Haal die **woord** aan wat beskryf hoe Ethan voel omdat hy Charlie afgepers het?

   ___________________________________________________________________________

3. 3.1 Haal die **woord** aan wat die res van die dubbelperiode vir Jaryd beskryf.

   ___________________________________________________________________________

   3.2 Hoekom is hy vies vir Ethan? Noem **twee** feite.

   ___________________________________________________________________________

   ___________________________________________________________________________

4. 4.1 Waarmee vergelyk Nico vir Charlie?

   ___________________________________________________________________________

   4.2 Hoekom sê hy so?

   ___________________________________________________________________________

# Charlie

**Voltooi die blokkiesraaisel deur van die leidrade gebruik te maak:**


**AF**

1. Charlie het huiswerk vir hierdie vak.
2. Jerome se kop is kaalgeskeer beteken hy het geen … op sy kop nie.
4. Jerome maak vir Charlie een om te drink.
7. Charlie geniet dit om na … te kyk wanneer hy werk.
8. Die melkskommel is met 'n blinkrooi … versier.
10. Jerome sê dit lyk of Charlie die wêreld se probleme daarin ronddra.



**DWARS**

3. Jerome eet 'n lekker wat op 'n … is.
5. Die Afrikaanse woord vir *Roadhouse*.
6. Die naam van die stad waar hierdie verhaal afspeel.
9. Charlie se ma bestuur 'n ou …-bakkie.
11. Charlie se ma parkeer die bakkie naby hierdie plek.
12. Jerome noem alle vroue só.
13. Jerome se beroep.
14. Charlie se ma werk daar totdat iets beter …




# Ethan

1. Beskryf die ruimte in hierdie hoofstuk.

_______________________________________________________________________________

2. Kies die **korrekte** antwoord. Skryf die **korrekte letter** in die kous.
Waarmee is Ethan in sy kamer besig? Hy …
A speel rekenaarspeletjies.
B kyk na videos van katte.
C maak 'n lysie van natuurrampe.
D doen huiswerk.



3. 3.1 Wat het daardie middag met Ethan op die krieketveld gebeur?

_______________________________________________________________________________

3.2 Haal die **sin** aan wat Jaryd se ongeloof beskryf het.

_______________________________________________________________________________

3.3 Waarom is Jaryd nog steeds kwaad vir Ethan?

_______________________________________________________________________________

4. Hoe dink Ethan sal hy vir Charlie kan beïndruk?

_______________________________________________________________________________

# Ethan

**Pas die antwoord wat die beste pas in kolom C by die woorde/frases/sinne in kolom A. Skryf die korrekte letter in kolom B.**

| Kolom A | Kolom B – korrekte antwoord | Kolom C |
|---|---|---|
| 1. Ethan, Jaryd en Nico. | | A. Skielik. |
| 2. Plaatkoekies. | | B. Werk saam aan die projek. |
| 3. Uit die bloute. | | C. Onvoorspelbaar. |
| 4. Prins Charlie. | | D. Goue stroop. |
| 5. Jaryd en Nico. | | E. Speel *Fortnite*. |
| 6. Google. | | F. Soos 'n aardbewing. |
| 7. Aardbewings. | | G. Bynaam. |
| 8. Charlie | | H. Vulkane, tsunami's en aardbewings. |

# Charlie

1. Wat wil juf. Van Schoor Vrydagoggend sien?

   ______________________________________________



2. Wat vermoed Charlie oor die groepie meisies wat haar dophou?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

3. Wat dink Charlie sou juf. Van Schoor graag wou doen?

   ______________________________________________

4. Watter **woord** beskryf hoe Ethan en juf. Van Schoor oor Charlie se sokkies voel?

   ______________________________________________

5. Wat doen Charlie wat Ethan verbaas?

   ______________________________________________

6. 6.1 Het enigiemand anders gesien wat sy doen?

   ______________________

   6.2 Motiveer jou antwoord in 6.1 deur **vier opeenvolgende woorde** aan te haal.

   ______________________________________________



# Ethan

**Pas die antwoord wat die beste pas in kolom C by die woorde/frases/sinne in kolom A. Skryf die korrekte letter in kolom B.**

| Kolom A | Kolom B – korrekte antwoord | Kolom C |
|---|---|---|
| 1. Vrydagoggend. | | A. In Curielaan. |
| 2. Fortnite, TV kyk, niksdoen. | | B. Wil Xbox by Nico se huis speel. |
| 3. Charlie. | | C. Goeie bui. |
| 4. Padkafee. | | D. Ethan. |
| 5. Ethan is verbaas. | | E. Wil Ethan iets wys. |
| 6. Jaryd en Nico. | | F. Ethan se naweekplanne. |
| 7. Ander planne. | | G. Charlie se uitnodiging. |

# Charlie

1. Waarmee help Charlie weer daardie aand by die padkafee uit?

   ____________________________________________________________________________

2. Hoekom gee sy nie om om dit te doen nie?

   ____________________________________________________________________________

3. 3.1 Wat vra haar ma haar?

   ____________________________________________________________________________

   3.2 Wat bedoel haar ma met daardie woorde?

   ____________________________________________________________________________

   3.3 Wie dink Charlie gebruik ook daardie woorde? Skryf net **een woord** neer.

   ____________________________________________________________________________

   3.4 In watter situasies moet die mense in 3.3 soms mense red? Noem net die **vier** situasies.

   ____________________________________________________________________________

   1.5 Wat dink Charlie antwoord meeste mense wat uit so 'n situasie (jou antwoord in 3.4) gered word? Haal **'n sin** aan.

   ____________________________________________________________________________



# Ethan

1. Wat is Ethan se groot geheim?

   ____________________________________________________________________________

2. Noem **vyf** dinge in verband met Charlie waarvan Ethan hou.

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________